
Publication: Landbouweekblad
Date: 11 Nov 2016
Page: 28

LBW | RUBRIEK **BOEDELBEPLANNING** | NICO VAN GIJSEN



# Só kan jy opvolgende erfgename bevoordeel

**Jy doen jou erfgename geen guns deur eise aan hulle te stel wat nie uitvoerbaar is nie of teen die openbare orde is. Dit is egter wettig om voorwaardes in jou testament te stel vir iemand om te mag erf.**

Soms wil jy iemand ná jou dood bevoordeel, maar weens die samestelling of aard van jou bates kan jy nie direkte bemakings doen aan elkeen afsondelik nie. Hoe dan gemaak?

Jy kan in jou testament bepaal dat 'n gekose begunstigde sekere bates kan erf, maar dat jy dan 'n voorwaarde daaraan koppel. Byvoorbeeld, my seun Jan erf my plaas, op voorwaarde dat hy sy huis op die dorp aan my dogter, San, oordra.

In so 'n geval sal Jan eers die reg verkry om die plaas te erf as hy sy huis op die dorp aan San afgestaan het. Doen hy dit nie, kan hy nie die plaas erf nie. Jy sal byvoorbeeld dan ook moet bepaal wat moet gebeur as Jan nie sy huis aan sy suster wil oordra nie. Maak seker daar is 'n alternatief.

Jy mag voorwaardes in jou testament stel vir iemand om te mag erf. Byvoorbeeld: Ek bemaak R1 miljoen aan my dogter Miems, op voorwaarde dat sy haar graad voltooi. Sy sal eers die graad moet voltooi voordat sy mag erf. Dit is heeltemal wettig.

Dit is egter nie aanvaarbaar om onwettige voorwaardes te stel, of voorwaardes wat teen die openbare orde is nie. Byvoorbeeld, in die saak Oosthuizen vs. Bank Windhoek (1991) het die oorledene bepaal sy dogter se erfenis moet in 'n trust gehou word totdat haar huwelik met haar huidige man beëindig is.

Die hof het gemeen dit is teen die openbare orde omdat dit die opbreek van 'n huwelik aanmoedig.

'n Aantal interessante sake oor die onderwerp beklemtoon dat jy jou erfgename nie 'n guns doen deur voorwaardes te stel wat nie uitvoerbaar is nie of teen die openbare orde is. Anders gestel: Moenie uit die graf uit jou mense se lewens probeer reël nie.

## GEVESTIGDE REGTE

Kom ons raak nou kortliks aan die ander, dalk meer "formele" manier van voorwaardes stel in jou testament deur te kyk na enkele gevestigde regte. Jy gee iemand 'n reg op eiendom, of die gebruiksreg op eiendom, terwyl die eiendom self eintlik aan iemand bemaak word. Jy bemaak dit byvoorbeeld aan X, maar eers moet Y daardeur bevoordeel word, sê maar tot by sy dood, en eers dan kry X die volle bemaking.

Eerstens, die sogenoemde *fideicommissum*. Dit is die bemaking van 'n bate (of ander voordeel) met die voorwaarde dat by 'n sekere gebeurtenis of ná die verloop van 'n sekere tyd daardie bate of voordeel weer sal oorgaan op 'n ander begunstigde wat jy vooraf bepaal het. Eenvoudig gestel: Ek bemaak my plaas aan Dries en by sy dood moet dit oorgemaak word aan Koos.

In die gemenereg is daar nie 'n beperking op hoeveel opeenvolgende erfgename jy kan aanwys nie, maar by die bemaking van vaste eiendom, word die aantal opeenvolgende erfgename nou statutêr beperk tot twee. Dit is van die oorledene na die eerste erfgenaam, A, en dan nog twee keer, na B en C. Die uiteindelike "erfgenaam" is dus C.

Indien jou bedoeling onduidelik is, word daar aangeneem dat dit nie jou bedoeling is nie. Spesifieke klousules word nie vereis nie, net sekerheid oor die bedoeling in die testament.

Die ander is 'n vruggebruik. Met 'n *fideicommissum* gaan die bate oor na die erfgenaam in 'n bepaalde stadium en word hy of sy die eienaar met volle benutting van die voordeel tot by die voldoening aan die gestelde voorwaarde. Met 'n vruggebruik gaan die bate oor aan 'n erfgenaam, byvoorbeeld A, en word hy of sy die eienaar net op wat genoem word die bloot eiendom. Iemand anders, B, kry egter die genietinge of voordeel – die sogenaamde "vrugte" – tot by die beëindiging van die vruggebruik.

Die skep van sulke voorwaardes skep belastinggevolge waarvan jy jouself eers moet vergewis. Maak eers seker hiervan voordat jy met 'n slap riem gevang word. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, tel. **021 461 2067**; e-pos: **nico@finlac.com**.